**Donderdag 22 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 4:13-25**
**Fokusgedeelte: Romeine 4:18**

## Om gelowig te hoop

Abraham was al baie oud toe hy die boodskap gekry het dat hy en sy bejaarde vrou, Sara, ’n kind sou hê. Opgewonde, en in die geloof, het hy en Sara die nuus ontvang en op hulle oudag weer begin droom van die dag wat hulle hul eie babatjie sou hê.

Maar, soos wat die tyd aangegaan het, het daar net niks gebeur nie. Geen teken van swangerskap by Sara nie. In vers 19 skryf Paulus dat Abraham digby die 100 jaar oud was, met Sara nie baie ver agter hom nie. Menslik gesproke was daar geen hoop meer nie: dit is tog onmoontlik om op so ’n hoë ouderdom ’n kind te hê!

Van Abraham, die vader van die gelowiges, skryf Paulus hier in vers 18: *Toe daar geen hoop was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: “So sal jou nageslag wees.”*

Menslik gesproke was daar geen hoop nie. Tog weet ons dat Isak uiteindelik gebore is – en uit sy nageslag die hele volk Israel. Abraham kon destyds nie insien hoe dit moontlik sou wees nie, maar hy het die beloftes van God geglo en daaraan vasgehou.

Dit is wat geloof is: om vas te hou aan dit wat onmoontlik lyk; om te aanvaar dat daar ’n grens is waaragter God in sy almag en voorsienigheid besig is om onbeskryflike dinge te doen; en om dit met dankbaarheid en verwagting te omarm. Soos toe Hy sy Seun op die regte tyd na die aarde toe laat kom het as mens, om dit wat onmoontlik gelyk het, te laat gebeur: ’n groeiende skare mense word vrygespreek – hulle wat in geloof en dankbare oortuiging vashou aan Jesus Christus, die gekruisigde, opgestane Here.

In ’n wêreld wat al hoe meer hooploos lyk, is dit inderdaad ’n blye boodskap van geloof en hoop om aan vas te hou!

*Sing: Psalm 42:5, 7 (1936)*

*Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)*